

Kontrolelys vir beheerliggaamverkiesing

Januarie tot Maart

1. Opvolgebepanning – identifiseer kandidate om hulle vir moontlike verkiesing tot die nuwe beheerliggaam beskikbaar te stel.
2. Handel sake af – bepaal enige uitstaande sake en handel dit so ver prakties moontlik af voordat die nuwe beheerliggaam verkies word.
3. Gebruik FEDSAS se beheerliggaam-steuninstrument om na te gaan of al die nodige dokumente en strukture gereed is om aan die nuwe beheerliggaam te oorhandig.
4. Bekendstelling, advertering en bemerking van die verkiesing onder ouers, personeel en leerders (sien FEDSAS se nuttige wenke in dié verband).
5. Stel 'n verkiesingspan saam wat uit opvoeders, nie-opvoeders en ouers bestaan.
6. Stel 'n kieserslys vir ouers op – nader ouers wat nog nie op die kieserslys is nie. Dit is baie belangrik dat die kieserslys so volledig moontlik is – gebruik die toelatingsregister as grondslag vir die kieserslys, en bepaal watter ouers nie op die lys verskyn nie.
7. Handel die kieserslys vir opvoeders, nie-opvoeders en die verteenwoordigende raad van leerders (VRL) af.
8. Indien 'n voldagverkiesing gehou sal word, doen betyds aansoek om goedkeuring by die departementele amptenaar, soos wat die provinsiale regulasies voorskryf, en doen navraag indien geen terugvoer binne die bepaalde tydraamwerk ontvang word nie.

“Die leier in skoolbeheer en -bestuur”

9. Indien die voldagverkiesing saam met 'n ander skoolaktiwiteit sal plaasvind, handel die reëlings vir die skoolaktiwiteit af en stel die ouers behoorlik en vroegtydig in kennis.
10. Bestel solank genoeg eksemplare van die FEDSAS-sakpaswette sodat elke lid van die nuwe beheerliggaam een kan kry.
11. Bespreek die skool se plek by die FEDSAS-beheerliggaamopleiding.

Maart tot verkiesing

12. Hou aan om die verkiesing te bemark.
13. Die skoolhoof moet die kennisgewing, soos wat hy/sy dit vanaf die kiesbeampte ontvang, met die datum, tyd en plek van die benoemings- en verkiesingsvergadering binne die voorgeskrewe tydperk aan die ouers besorg op die wyse wat die provinsiale regulasies bepaal.
14. Indien 'n voldagverkiesing goedgekeur word, moet die skool die kiesbeampte hiervan inlig voordat kennisgewings aan die ouers gestuur word.
15. Verseker dat die verkiesingslokaal behoorlik ingerig is.
16. Maak seker dat daar gepaste stembus(se) is.
17. Staan die kiesbeampte by met die afhandeling van stembriewe.
18. Oorhandig die kieserslyste van die ouers, opvoeders, nie-opvoeders en VRL aan die kiesbeampte.

Na afloop van die verkiesing

19. Die skoolhoof moet die eerste beheerliggaamvergadering belê binne 14 dae nadat die uitkoms van die verkiesing bekend gemaak is.
20. Verkies nuwe ampsdraers en wys die FEDSAS-verteenwoordiger aan.

“Die leier in skoolbeheer en -bestuur”

21. Die skoolhoof moet die besonderhede van die ampsdraers aan die distriksdirekteur voorsien.
22. Stuur 'n skrywe aan al die ouers waarin die uitslag van die beheerliggaamverkiesing bekend gemaak word.
23. Verander die tekenmagte by die bank, indien nodig.
24. Woon die FEDSAS-beheerliggaamopleiding by.
25. Verander die skool se kontakbesonderhede op die FEDSAS-webblad sodat dit nuwe lede se inligting weerspieël.
26. Maak seker dat elke lid van die beheerliggaam die skool se toegangskode en wagwoord het om die FEDSAS-webblad ten volle te kan gebruik.

Die beheerliggaamverkiesings geskied volgens provinsiale regulasies. Ons moedig skole dus aan om die regulasies en prosedures van hulle bepaalde provinsie deeglik te bestudeer en te volg. Die provinsiale regulasies waaroor FEDSAS beskik, kan hier bekom word:

<http://www.fedsas.org.za/Documents/SGB-elections-2018/>

Slaggate vir beheerliggaamverkiesings

1. Wie kom in aanmerking as ouers vir die doel van beheerliggaamverkiesings?

Raadpleeg en bestudeer die omvattende regsmering hieroor.¹

2. Die kieserslys en kiesersregistrasie

Ouers – Die nasionale riglyne en die meeste provinsiale regulasies bepaal dat die skool se toelatingsregister of SASAMS-databasis as die grondslag vir die kieserslys vir ouers dien.

“Die kieserslys vir ouers moet op die skool se toelatingsregister gegrond wees. Diegene met stemreg is persone wat as ouers in die toelatingsregister verskyn, of wat kan bewys lewer dat hulle ouers is soos wat die Wet dit omskryf. Slegs twee ouers per leerder mag stem.”

“Kiesbeampes behoort die beginsels van inklusiwiteit, deursigtigheid en demokrasie te volg eerder as om moontlike kiesers uit te sluit.”

Ons moedig ons lede sterk aan om die kieserslys voor stembag so volledig moontlik te kry. Skole moet vroegtydig hieraan aandag skenk – dit is die skoolhoof se verantwoordelikheid om die kieserslys aan die kiesbeampes te oorhandig. Ouers wie se

¹ Die regsmering “Die omskrywing van ‘ouer’ ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet” is beskikbaar op die FEDSAS-webblad onder die skakels “Dokumente – Regsmerings - Die raamwerk vir skoolbeheer en -bestuur”.

name egter nie op die kieserslys verskyn nie moet die geleentheid gegun word om te stem indien hulle voldoende bewys kan lewer dat hulle as “ouers” in aanmerking kom. (Voldoende bewys – die leerder se geboortesertifikaat, ’n hofbevel ingevolge artikel 23 van die Kinderwet, of ’n onderneming teenoor die skool soos wat die omskrywing van “ouer” in die Skolewet beoog.)

In sekere provinsies word daar verwag dat ouers bewys van identiteit lewer selfs al verskyn hul name op die kieserslys (geldige Suid-Afrikaanse identiteitsdokument, paspoort of sodanige ander wettige identiteitsdokument – reg 23). Moedig alle ouers aan om sodanige bewys saam te vat wanneer hulle gaan stem om enige onnodige geskille te vermy.

Opvoeders en nie-opvoeders – Die Suid-Afrikaanse Skolewet verwys slegs na opvoeders en nie-opvoeders, en onderskei nie tussen departementele aanstellings en personeel wat bykomend tot die staat se diensstaat aangestel is nie. Die kieserslys vir opvoeders en nie-opvoeders bestaan uit personeel wat ingevolge die Wet op Indiensneming van Opvoeders, die Skolewet, die Wet op Basiese Diensvoorwaardes of die Staatsdienswet by die skool aangestel is.

Verteenwoordigende raad van leerders – Die kieserslys bestaan uit al die name van die leerders wat in die VRL dien.

3. Wanneer neem die nuwe beheerliggaam amptelik oor?

’n Skoolbeheerliggaam se ampstermyn is drie jaar. Die ou beheerliggaam hou op funksioneer die oomblik wat die nuwe beheerliggaam se verkiesingsuitslag bekend gemaak word en daar verklaar word dat die nuwe lede vry en regverdig verkies is. Die

“Die leier in skoolbeheer en -bestuur”

nuwe beheerliggaam neem dus nie eers oor wanneer nuwe ampsdraers verkies of die eerste vergadering gehou word nie maar direk na die verkiesing.

As die termyn van drie jaar voor die volgende verkiesing verstryk, bestaan daar gewoon geen beheerliggaam nie (raadpleeg die uitspraak in *Stutterheim High School v. MEC Eastern Cape*).

Tekenregte is gekoppel aan die amp.

4. Kworum – hoe word dit bereken?

Die kworum word bereken op grond van die getal name wat op die kieserslys verskyn. Die name van ouers wat nie op die kieserslys verskyn nie dog by die verkiesing opdaag, moet dus op die kieserslys geplaas word.

5. Volmagstemme (“proxy”)

Nasionaal – “Volmagstemme word nie toegelaat nie.”

Raadpleeg provinsiale regulasies.

6. Benoeming van kandidate

Indien die totale getal kandidate wie se benoemings goedgekeur is:

- minder is as die voorgeskrewe getal SBL-lede, moet 'n nuwe vergadering belê word, waar geen kworum vereis sal word nie;
- gelyk is aan die voorgeskrewe getal SBL-lede, moet die kiesbeampte ál die benoemdes tot behoorlik verkose lede verklaar; of

“Die leier in skoolbeheer en -bestuur”

- meer is as die voorgeskrewe getal SBL-lede soos wat met betrekking tot die betrokke kategorie bepaal is, moet 'n verkiesingsvergadering as 'n tweede deel van die prosedure gehou word.

Die antwoord hierbo is gegrond op die bepalings in die nasionale riglyne. Elke provinsie moet ook hulle eie regulasies in dié verband raadpleeg.

Wat enige beperking op die getal benoemings betref, bepaal artikel 19 van die Grondwet soos volg:

Politieke regte

19(3) Elke volwasse burger het die reg om-

(b) 'n kandidaat vir 'n openbare amp te wees en indien verkies, die amp te beklee.

Die beheerliggaamverkiesing val ook onder hierdie bepaling aangesien elke lid van die beheerliggaam 'n openbare amp beklee en hierdie reg nie deur enige provinsiale regulasie ingeperk kan word nie. Daarom kan daar nie 'n beperking geplaas word op die getal kandidaatbenoemings nie.

7. Bekendstelling van kandidate

Volgens die nasionale dokument “Riglyne insake die verkiesing van skoolbeheerliggame van openbare skole” mag benoemde ouers geleentheid ontvang om hulleself bekend te stel. Trouens, dit word aanbeveel, aangesien veral ouers in groot skole in die stad nie

“Die leier in skoolbeheer en -bestuur”

noodwendig die kandidate ken vir wie hulle moet stem nie. Paragraaf 12(3) van die riglyne lui soos volg:

“Die skoolkiesbeampte moet die prosedures wat gevolg moet word aan die verkiesingsvergadering verduidelik, en moet dit duidelik stel dat elke benoemde die geleentheid sal hê om kortliks minstens die volgende te noem:

- (a) Sy of haar naam
- (b) Die name en grade van sy of haar kinders in die skool
- (c) Sy of haar beroep en ervaring of vaardighede
- (d) Sy of haar visie vir die skool”

Bogenoemde is natuurlik ’n riglyn. Solank elke kandidaat gelyke geleentheid ontvang om hom/haar voor te stel, staan dit die skool vry om items by die lys by te voeg (soos huidige betrokkenheid by die skool, waaronder komitees, die beheerliggaam of iets dergeliks). In geval van ’n voldagverkiesing kan die skool die kandidate op ander maniere aan die skoolgemeenskap voorstel, soos deur bostaande inligting in ’n e-pos aan alle ouers te stuur, ’n foto van elke kandidaat in te sluit, en die inligting ook op die kennisgewingborde van die skool te plaas. Die belangrikste riglyn is om al die kandidate dieselfde te hanteer en die skoolgemeenskap van soveel moontlik inligting te voorsien sodat hulle ingeligte besluite kan neem.

“Die leier in skoolbeheer en -bestuur”

8. Graad R

Onthou dat graad R-leerders se ouers ook mag stem en dat hul name dus ook op die kieserslys moet verskyn.

9. Geskille

Die nasionale riglyne:

1. Alle geskille wat gedurende die beheerliggaamverkiesing ontstaan, word eerstens na die kiesbeampte verwys.

- Die kiesbeampte moet alle geskille besleg en die verkiesing afhandel. Die kiesbeampte se besluit is finaal.
- Indien die geskil nie opgelos kan word nie, moet die kiesbeampte steeds met die verkiesing voortgaan, die proses afhandel en die geskil binne sewe dae na afhandeling van die verkiesing na die betrokke distrikskiesbeampte verwys. Die geskil moet binne 14 dae na ontvangs daarvan afgehandel word.

2. Indien 'n geskil eers na die verkiesing ontstaan, moet dit na die tersaaklike distrikskiesbeampte verwys word. Die geskil moet binne 14 dae na ontvangs daarvan afgehandel word.

“Die leier in skoolbeheer en -bestuur”

3. Indien 'n klaer ontevrede is met die distrikskiesbeampste se besluit, kan hy/sy binne sewe dae by die LUR appelleer, wat op sy/haar beurt binne 30 dae 'n besluit moet neem.

Onthou hier die beginsel dat alle interne remedies eers uitgeput moet wees voordat daar by die hof om die hersiening van 'n besluit aansoek gedoen mag word.

Bestudeer egter die prosesse ingevolge die provinsiale regulasies omdat dit van provinsie tot provinsie verskil.